

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 1

Wyse van verklaring

Die Griekse naam vir die boek is **Apokalips**.

Dit beteken dat *die sluier weggetrek word/die pot se deksel opgelig word* sodat jy kan sien wat in die pot aangaan.

Die naam sê dus dat in hierdie boek 'n sluier weggetrek word sodat (iets van) die raadsplan van God gesien kan word.

Hoe gaan ons die boek Openbaring verklaar? Ons gaan die boek verklaar soos wat die boek homself aanbied. Ons gaan dus nie slimmer wees as God die Heilige Gees en self besluit waar ons saamstem of nie.

- Die boek Openbaring sê self dat die inhoud daarvan God se openbaring aan ons is.
- Die inhoud is op God se bevel en deur bemiddeling van die Here Jesus Christus aan die apostel Johannes bekendgemaak.
- Johannes het nie voor die tyd kennis gedra van die dinge wat die Here aan hom geopenbaar het nie.
 - Die inhoud van die boek Openbaring is nie
 - 'n versinning deur Johannes nie;
 - ook nie 'n produk van sy siening, tyd en omstandighede nie, en
 - ook nie van dit wat hy van die toekoms uitgedink of vermoed het nie.

Die boek Openbaring maak dit duidelik dat die meeste van die inhoud wat geopenbaar word, destyds nog moes gebeur.

- Die Here het Johannes beveel om neer te skryf wat die Here aan hom openbaar.
- Die Here het baie van die dinge in simboliek aan Johannes openbaar. Vergelyk maar wat in die volgende gedeeltes geskryf staan:

En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; (Openbaring 12:1 AFR1953)

En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; (Openbaring 12:3 AFR1953)

Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. (Openbaring 17:9 AFR1953)

Baie van die dinge wat in hierdie boek openbaar word, moet dus *sinnebeeldig/symbolies/as tekens* verstaan en verklaar word.

Die boek handel oor verskillende dinge en tydperke:

- Dit openbaar wat aan die einde van die tyd sal gebeur,
- maar dit openbaar ook meer kere die hele wêreldgeskiedenis tot met die wederkoms.
- Die boek openbaar ook dinge wat tydens die wederkoms self sal gebeur,
- maar dit openbaar ook dinge wat (reeds) besig is om in die hemel te gebeur.

Vers 1

Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, (Openbaring 1:1 AFR1953)

Die begin en die einde van hierdie boek sluit by mekaar aan. Dit wat in hoofstuk 22:6-20 openbaar word, word in hoofstuk 1:1-3 saamgevat.

En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar. En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God. En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy geboorte doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodediensknegs en elkeen wat leuens liefhet en doen. Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet. Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!
(Openbaring 22:6-20 AFR1953)

Dit wat in Openbaring 1:1 staan, kan kortliks so weergegee word:

Oorsprong: *God is die Bron wat openbaar deur die Here Jesus Christus.*

Inhoud: *Die raad van God van skepping tot wederkoms*

Bestemming: *Die kerk van die Here (= die lesers)*

Die feit dat daar geskryf word dat hierdie openbaring gebeur deur **Jesus Christus**, is baie belangrik. Dit wys daarop dat hierdie Openbaarmaker die amptelike Redder is wat dit doen. Die boek is dus nie maar sommer net Johannes se breinvlugte nie – Jesus Christus is amptelik deur God aangestel om die dinge wat in hierdie boek opgeskryf is te openbaar. Dit is dus Goddelike openbaring.

Vergelyk hiermee saam die volgende uitsprake in die Bybel:

Die Here Jesus Christus is die Middelaar tussen God en die mense.

Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,
(1 Timoteus 2:5 AFR1953)

Die Persoon van Jesus Christus en sy werk word bepaal deur God wat Hom gestuur het.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
(Johannes 3:16 AFR1953)

Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (Johannes 6:38-40 AFR1953)

God die Vader werk en openbaar sy wil en sy werke deur Jesus Christus.

Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees. Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe. Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling. Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het. (Johannes 5:20-30 AFR1953)

Die Here Jesus Christus is ook 'n gawe wat God aan ons gegee het om ons met die ewige lewe te bedien.

Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en gewet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. (Johannes 4:10 AFR1953)

Die Here Jesus is ook God se Dienskneg. Luister hoe haal die Here Jesus Jesaja 61 aan – en verklaar dat die Here met hierdie profesie na Hom verwys.

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. (Lukas 4:18-19 AFR1953)

Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; (Jesaja 61:1 AFR1953)

Die Here Jesus Christus wat in die Boek Openbaring verskyn, is dus die Kneg van God van Wie daar deur die eeue heen voorspel is dat Hy deur die loop van eeue die raad van God sal uitvoer – soos dit onder andere in Jesaja 42 voorspel word.

Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehag het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. (Jesaja 42:1 AFR1953)

Dit is presies wat Hy in die boek Openbaring aan ons openbaar.

- Hy werp lig op die werkswyse (raad) van God soos wat dit deur die eeue tot aan die einde gebeur.

- Hy openbaar hoe Hy met sy almag die regering van God oor die hele wêreld vestig.
- Hy openbaar dan in die besonder hoe Hy hierdie raad van God uitvoer tot op die einde –die punt waar die uitverkorenes uit hierdie lewe uitgaan, herskep word en met God verder gaan in die ewigheid op die Nuwe Aarde.

. . . wat gou moet gebeur . . .

Hier is twee woorde wat baie klem dra.

- Die een is **moet**.
- Die ander een is **gou**.

Die woord **moet** wys daarop dat God se Raad onveranderbaar is. Dinge wat besluit is kan nie onuitgevoer bly nie. Daar is ook geen mag of 'n ander besluit van wie ook al wat die uitvoering daarvan gaan teëstaan nie.

Die woord **gou** wys daarop dat die Here haastig is dat sy besluite afgehandel moet word deur die Here Jesus Christus.

- Dit is baie moeilik om hierdie woordjie **gou** in ons tydsbegrip te verklaar.
- Soms beteken die woord dat iets binne 'n kort rukkie (*binnekort oor min tyd*) moet gebeur.
- Ander kere beteken dit dat iets sonder versuim of sonder uitstel gaan gebeur.

Vergelyk die volgende gedeeltes in die Bybel waar hierdie woord (of 'n vorm daarvan) voorkom:

En nadat hy die stukkie geneem het, het die Satan in hom ingevaar. En Jesus sê vir hom: Wat jy doen, doen dit haastig. (Johannes 13:27 AFR1953)

Ek skryf jou hierdie dinge in die hoop om gou na jou te kom. (1 Timoteus 3:14 AFR1953)

Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word. (Hebreërs 13:19 AFR1953)

Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom. (Hebreërs 13:23 AFR1953)

En die wat Paulus begelei het, het hom tot by Athéne gebring, en nadat hulle opdrag ontvang het aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom, het hulle vertrek. (Handelinge 17:15 AFR1953)

En meteens staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe slaan hy Petrus op die sy, maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die boeie het van sy hande afgeval. (Handelinge 12:7 AFR1953)

... en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie. (Handelinge 22:18 AFR1953)

Maar Festus het geantwoord dat Paulus in Cesaréa bewaak word en dat hy self spoedig daarheen sou reis. (Handelinge 25:4 AFR1953)

Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind? (Lukas 18:8 AFR1953)

En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen. (Romeine 16:20 AFR1953)

Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. (Matteus 5:25 AFR1953)

... en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê. En hulle het haastig

weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel. (Matteus 28:7-8 AFR1953)

Maar Jesus sê: Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in my Naam sal doen en gou van My sal kan kwaadsprek nie; (Markus 9:39 AFR1953)

Toe gaan hulle haastig uit en vlug van die graf af weg. En bewing en ontsetting het hulle aangegryp. En hulle het vir niemand iets gesê nie, want hulle het gevrees. (Markus 16:8 AFR1953)

Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. (Openbaring 2:5 AFR1953)

Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. (Openbaring 2:16 AFR1953)

Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. (Openbaring 3:11 AFR1953)

Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou. (Openbaring 11:14 AFR1953)

Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar. (Openbaring 22:7 AFR1953)

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. (Openbaring 22:12 AFR1953)

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! (Openbaring 22:20 AFR1953)

Wie behartig die openbaring aan Johannes?

- Die Here Jesus self verskyn aan die begin (Openbaring 1:2w) en aan die einde van die openbaring aan Johannes.
- Al die ander dinge laat die Here deur 'n engel aan Johannes geopenbaar word.

Vers 2

. . . (sy dienskneg Johannes) . . . wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus alles wat hy gesien het. (Openbaring 1:2 AFR1953)

In hierdie vers benadruk Johannes die waarheid van alles wat hy gesien het.

- Hy verlaat hom nie op hoorsê nie.
- Hy getuig eerstehands.
- Alles wat in hierdie boek geskryf staan, het hy self deurgemaak.

Let veral op hoe hy die inhoud van die boek kwalifiseer:

- Dit is die woord van God.
 - Met ander woorde: Alles wat hy neergeskryf het was bevele/uitsprake van God. Die dinge wat gebeur (het) is dus ook alles op bevel van God.
- Die hele inhoud van die boek (al die woorde van God) is die getuienis aangaande die Here Jesus Christus.
 - Die raad van God word dus heeltemal geopenbaar (kry gestalte) in die verlossing wat deur die Here Jesus tot stand gebring word.
- Johannes het alles gesien – die Here het hom alles laat sien.

Vers 3

Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby. (Openbaring 1:3 AFR1953)

Hierdie is die eerste van sewe saligsprekings in die boek Openbaring.

Die getal sewe is die oorheersende getal in hierdie boek.

Salig is hy wat die woorde van die profesie lees

Hierdie woorde beteken nie maar dat enigiemand wat die boek oopmaak en daarin lees, salig is nie.

- Hierdie woord wys op die voorleser van die gemeente. (Daar was destyds baie min mense wat kon lees en skryf!)
- Daar was altyd iemand wat die geskrifte aan die gehoor voorgelees het – hy is hier in die gesigsveld.
 - Omdat mense nie kon lees nie, was die enigste manier waarop hulle die inhoud van die Bybel (Ou en Nuwe Testament) kon leer, om te sit en luister as iemand anders vir hulle voorlees. Hulle moes dan net probeer onthou wat hulle gehoor het!

. . . en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is . . .

- Omdat mense nie kon lees nie, het baie min mense enige boeke gehad.
- Die boeke was ook vir hulle te duur om aan te skaf – oor die algemeen was die Christene maar arm.

Die saligspreking dring dus daarop aan dat die goddelike waarhede wat in hierdie boek vervat is, aan alle gelowiges bekendgemaak moet word!

- Die gemeente moet hierdie openbaring memoriseer, want hulle moet dit **bewaar!**
- Bewaar beteken dat die inhoud in hulle lewens tot uiting moet kom. Die betekenis van die Here se openbaring moet deur elke gelowige toegeëien word.

Vers 4

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is,
(Openbaring 1:4 AFR1953)

Genade vir julle . . .

Genade beteken hier

- *Guns wat ons onverdiend van God af kry.*
- Dit beteken vergewing van sondes wat onverdiend aan ons gegee word deur die Here Jesus Christus.
- Dit beteken ook dat ons al die heilsweldade wat die Here Jesus verwerf het, ontvang (. . . *dan word ons gelyk aan Hom*).

Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. (1 Johannes 3:2 AFR1953)

Vrede . . .

- Vrede is die rus wat ons siele en ons liggaam (in die hiernamaals weer verenig – soos nou!) in God sal hê deur die versoening van die Here Jesus Christus.
- Die Gewer van hierdie oorvloedige vrede word genoem: **Hom wat is en wat was en wat kom.**

Hom wat is en wat was en wat kom

- Weereens is die openbaring reg terug in die vroeë geskiedenis, want hierdie is die vervulling van die Naam waarmee God Hom aan Moses geopenbaar het.

En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. (Eksodus 3:14 AFR1953)

- Die Here openbaar dus aan Johannes watter betekenis alles in die Naam *JHWH* (Jahwê) opgesluit lê. Die betekenis is drieërlei:
 - Die Here openbaar hiermee dat Hy **van ewigheid tot ewigheid** onveranderlik is.
 - Verder openbaar Hy Hom **steeds** as die **Onveranderlike**.
 - Hy sal in sy onveranderlike heerlijkheid kom – en dan sal ons Hom so in sy heerlijkheid ken!

NB: Hierdie openbaring het natuurlik 'n baie donker skadukant!

- Net soos wat God in sy heerlijkheid en genade onveranderlik is, is Hy in sy oordeel ook onveranderlik!
- Soos wat Hy in die verlede en in die hede die Albeskikker is wat seën en straf – net so sal Hy dit wees wanneer Hy kom! In die uitvoering van sy beloftes gaan die grensloosheid van sy liefde en die onverbiddelikheid van sy oordeel al twee ingebed wees in die onveranderlikheid van sy Wese.

Die woord **kom** is natuurlik van besondere belang.

- Die vorm van die werkwoord is letterlik: komende/besig om te kom.
- Dis tog belangrik om te verstaan dat die Here daarmee openbaar dat sy raadsplan al so ver gevorder het dat sy wederkoms reeds 'n werklikheid is.
- Die woord openbaar nie dat die Here **sal kom** nie. Met ander woorde dat Hy nou al eeue lank weg is, en dat Hy iewers in die eeue vorentoe hier sal opdaag nie.

Hy is reeds op pad (in aantog) en sal aanstons (skielik en onverwags in sy eie tyd!) in volle heerlijkheid sigbaar word met al sy heilige engele rondom Hom.

. . . die sewe Geeste wat voor sy troon is . . .

Die sewe Geeste is God die Heilige Gees.

Die feit dat die sewe Geeste tussen die Naam van God (HERE) en van die Here Jesus Christus staan, dui juis daarop dat die sewe Geeste deel is van die Godheid (in dié geval: Vader, Gees, Seun).

Openbaring 4:5 bevestig hierdie eksegese dat die sewe Geeste inderdaad God die Heilige Gees is:

En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; (Openbaring 4:5 AFR1953)

Die Here word hier geopenbaar:

- Nie soos Hy in sy verborgenheid bestaan nie, maar soos wat Hy Hom in die ewigheid aan ons gaan openbaar.
- Hy is die Almagtige wat bo die tyd uitgaan.

Die sewevoudige werking van die Gees is juis om daarmee God se volmaakte genadewerk in en bestier van sy kerk aan te toon. Natuurlik geld dit van die wêreld ook, maar vir hulle is dit tot vernietiging.

Die kandelaar met sy sewe arms en sewe vlamme is die kerk (heilig, algemeen, Christelik) van die Here waar die Heilige Gees werksaam is. Ons lees van die werking van God waar die kerk as ('n) kandelaar(e) uitgebeeld word op die volgende plekke in die boek Openbaring:

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. (Openbaring 1:12-13 AFR1953)

. . . die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:

(Openbaring 1:20-2:1 AFR1953)

Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan.

(Openbaring 11:4 AFR1953)

Die beeld van die kandelaar kom natuurlik al uit Eksodus 41 en uit Sagaria 4 aan:

En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.

(Sagaria 4:2 AFR1953)

In hierdie gesig van Sagaria – soos in al die ander beelde van die kandelaar – word die werking van die Heilige Gees uitgebeeld.

In Openbaring 1:4 kom die eenheid van die Heilige Gees (die sewe Geeste) en God die Vader sterk uit in die openbaring dat die sewe Geeste voor die troon is van Hom wat is en wat was en wat kom.

- **Troon** is die uitbeelding van God se mag en majesteit.
- Die Gees is dus God in die uitoefening van sy mag en majesteit.

Die genade en vrede word dus deur die sewe Geeste (= God in sy almag) oor sy kerk bewerk.

Vers 5

en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed (Openbaring 1:5 AFR1953)

Die Heilige Gees is Eenswesens met die Here Jesus self. Die Heilige Gees het ook in die Here Jesus gewerk toe Hy as mens tussen ons gewoon en geleef het. Die Here openbaar dit al in die Ou Testament. Kyk na die volgende gedeeltes:

en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.” (Jesaja 11:2 AFR1953)

Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehag het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.

(Jesaja 42:1 AFR1953)

Die Nuwe-Testamentiese openbaring sluit hierby aan:

En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

(Matteus 3:16 AFR1953)

Daardie selfde Jesus word hier in Openbaring 1:5 in sy volle Godheid aan sy kerk geopenbaar: Hy is God, die sewe Geeste en Jesus Christus.

Net soos die Heilige Gees die genadegawes van God aan en in die kerk (gemeentes) bewerk, doen die Seun dit ook. Dit is een enige God, maar tog werk elke Persoon selfstandig!

Swaar dogmaties kan mens hierdie stuk openbaring so neerskryf:

- God die Vader is die bepalende Oorsaak en Skenker van genade en vrede aan die kerk.
- God die Heilige Gees (sewe Geeste) is die Uitdeler van genade en vrede aan die kerk.
- God die Seun, Jesus Christus, is die verdienende Oorsaak en Skenker van genade en vrede aan die kerk.

Die Here Jesus is **die getroue Getuie**.

Grieks gebruik normaalweg nie die bepaalde lidwoord **die** nie.

- Wanneer dit wel gebruik word, beteken dit dat die selfstandige naamwoord wat daarmee saamgaan, baie sterk beklemtoon word.
- Dus: Jesus Christus is **DIE** getroue getuie – bedoelende die enigste een

Die beklemtoning staan soveel sterker uit as onthou word dat **getuie** en **martelaar** dieselfde is.

- Die Here Jesus is tot die dood toe gemartel oor sy getuienis – Hy het dus die waarheid van sy getuienis met die dood bevestig.
- Tot die einde toe was sy getuienis vas en eners – suiwer.

Die Here Jesus noem Homself met dié benoeming in hoofstuk 3:14:

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: (Openbaring 3:14 AFR1953)

Natuurlik is die Here Jesus 'n **Getuie** van God. Hy het hier op die aarde getuienis gelewer van die openbaring van God aan die kerk.

Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. (Johannes 5:19 AFR1953)

Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het. (Johannes 5:30 AFR1953)

Die Here Jesus is verder 'n **getroue** Getuie van God omdat Hy bly getuig het – waar en reg – totdat Hy sy lewe neergelê het. Eindelik het Hy die waarheid van sy getuienis met sy dood beseël en bekragtig.

. . . die eersgeborene uit die dode

Hierdie woorde bevestig weer die seerpunt van die saak wat al die ongelowiges teen die Here Jesus gehad het en nog steeds het!

- Hy het uit die dood opgestaan! Hy is die eerste mens wat gebore is wat self uit die dood opgestaan het.
- Hy het dus mag oor die dood!

God het alles onder sy voete gestel – Hom dus mag gegee oor alles – selfs die dood en die doderyk met alles en almal wat daarin is.

- Hier – aan die einde van die tyd – openbaar Hy Homself so aan ons.
- Hy is die ewig Almagtige wat uit die dood opgestaan het en wat lewe tot in alle ewigheid.

En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

(Johannes 3:13 AFR1953)

... en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

(Openbaring 1:18 AFR1953)

. . . en die Owerste oor die konings van die aarde!

Hierdie deel van die openbaring leer ons dat die Here Jesus die absolute Maghebber oor alles is. Hy is in beheer van alle menslike gesag ook – konings.

- Konings verteenwoordig die aardse regeerders (koningshuise, parlamente, regerings, ens.).
- Dit is nie net 'n feit wat gestel word dat dit die Here Jesus se posisie is nie!
- Dit plaas alle gesagstrukture op die aarde in plek – hulle is verantwoording en gehoorsaamheid aan God verskuldig.

Natuurlik sluit hierdie openbaring ook aan by 'n baie ou openbaring/profesie wat reeds uit die Ou Testament aankom:

(89:27) Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! (89:28) Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde. (89:29) Vir ewig sal Ek my goedertierenheid vir hom bewaar, en my verbond bly vir hom vas. (Psalm 89:26-28 AFR1953)

Die bedoeling is duidelik: Selfs die aller hoogstes en diegene wat die hoogste gesagsposisies beklee, gaan aan Hom verantwoording doen. *(Die skok vir die ongelowiges is dat hulle dit nie glo nie – maar in die werklikheid daarvan gaan vasloop.)*

Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed . . .

Daarna het die vers 'n geweldige kontras:

- Hierdie hoogste Koning met sy oppergesag het Hom tot in die diepste verneder.
- Hy het vuil sondaars lief – mense wat nie inpas by sy hoë heiligheid nie.
- Toe verlos Hy hulle van die dinge wat tussen hulle en sy troon staan. Die doopformulier druk dit uit met die simbool van die afwassing van ons sondes: Hy was ons in sy bloed skoon van al ons vuil sondes!

NB: Die korrekte lesing is **verlos van ons sondes** en nie **gewas van ons sondes** nie. Dis 'n latere verandering.

Die 1953-vertaling volg hier 'n verkeerde lesing.

Sondes beteken hier:

- Die kwaad wat ons gevange hou.
- Dit bedoel die dinge wat ons met skuld en skuldgevoelens en met die vloek en toorn van God belaai.
- Dis die dinge wat ons ontredder laat en wat ons lewens bederf en verderf.
- Die dinge wat ons liggame en ons siele verniel.

Die Here Jesus het ons lief al is ons vol sondes. Vergelyk die volgende:

Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. (Openbaring 3:9 AFR1953)

. . . en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.
(Efesiërs 5:2 AFR1953)

Vers 6

. . . en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (Openbaring 1:6 AFR1953)

By hierdie vers is die Griekse grammatika interessant.

- Tot nou toe is die deelwoord elke keer gebruik vir elke bepaalde handeling (liefhebbende, verlossende, ens).
- Hier gebruik Johannes die werkwoord in die derde persoon enkelvoud.

Die Here Jesus maak ons koninklike priesters vir sy God en Vader.

Weereens kom dit vroeg uit die Ou Testament:

En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel. (Eksodus 19:6 AFR1953)

Die Israëliete moes 'n koninkryk van priesters wees! Hulle moes God met koninklike majesteit loof en prys (priesters wees!).

- Dit wat God vir sy volk op aarde bedoel het, presies dit doen Hy in die tyd van vervulling met hulle!
 - Op aarde moes hulle dit self tot stand bring volgens sy voorskrifte.
 - Dit het nie geslaag nie, want in hulle sondige aard het hulle misluk.
- Daarom bring die Here dit nou self tot stand.
 - Dit slaag omdat sy almag en volmaaktheid dit bewerk.

So kom die begin en die einde weer bymekaar.

- Dit wat ons op die aarde moes bereik maar nie kon nie – dit volbring die Here.
- Die Here bring ons dus in 'n posisie waar ons Hom volmaak kan dien en loof en prys. Dit waarvoor ons van die begin af geskape is.

In die beskrywing dat ons 'n soliede koningdom en 'n soliede priesterdom is, word die volmaakte eenheid geteken waarmee ons God aanbid – maar terselfdertyd ook die vryheid en koninklikheid wat ons aanbidding kenmerk. Daarin het die verlostes hulle saligheid.

Al is die Drie-Eenheid een enkele wese, is God nog steeds die Vader van die Here Jesus Christus. Kyk hier na wat die Here Jesus self gesê het:

Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God. (Johannes 20:17 AFR1953)

Hierdie allergrootste openbaring van God in sy Drie-Eenheid soos Hy aan sy kerk verskyn en die kerk ook seën, word met 'n roemlied (doksologie) afgesluit.

Aan hierdie God en Verlosser kom die heel hoogste roem toe:

aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Heerlikheid

Die HERE (wat is en wat was en wat kom!) se ewige onverganklike glorie skitter tot in ewigheid.

Krag

Die allesoortreffende mag en die vermoë om dit in liefde en oordeel uit te oefen is eie aan die HERE alleen

Alle ewigheid

Tydloos en onmeetbaar bly alles van God die HERE vir ewig onveranderlik bestaan.

Amen

Verseker/waaragtig. Dis die geloof se woord om die waarheid en inhoud van die geloof te bevestig.

DIE HERE KOM!

NB: Lees Esegïel 1:4-28

Vers 7

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

(Openbaring 1:7 AFR1953)

Waarskynlik vat hierdie woorde die hele tema van die boek Openbaring saam.

In hierdie gedeelte van die openbaring sien Johannes meteens die Here Jesus kom! Daarom roep hy uit: **Kyk, die Here kom!**

In ons gewone Afrikaans sou ons sê: Kyk, daar kom Hy!

Ons moet onthou dat Johannes nog laas (jare tevore!) die skok van die Here Jesus se lyding en marteling en kruisiging deurgemaak het.

- Daar was daarna die verskynings en die hemelvaart.
- En toe 'n tyd van stilte waarin die Here Jesus nie weer persoonlik verskyn het nie (behalwe die verskyning aan Paulus!).

Nou verskyn die Here weer – direk en Persoonlik aan Johannes. Daarom is hierdie uitroep inderdaad in skrilte kontras met die verloop van die kerkgeskiedenis op die aarde.

Die Here is gekruisig – en sover dit die res van die wêreld aangegaan het, is Hy dood en weg.

Nou roep Johannes uit: Kyk, Hy kom! (Kyk, hier kom Hy!)

Die Here Jesus kom op die wolke. Die woord **wolk** beteken nie altyd **wolk** (gekondenseerde waterdamp) nie. Soms simboliseer die woord **wolk** die **teenwoordigheid van God/reddende genade van die Here Jesus**.

Kyk na die volgende voorbeelde:

- **Wolk = wolk (waterdamp)**

En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. (Eksodus 19:16 AFR1953)

En Moses het binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim. En Moses was op die berg veertig dae en veertig nagte. (Eksodus 24:18 AFR1953)

En Hy het ook aan die skare gesê: Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: Daar kom reën! en dit gebeur ook. (Lukas 12:54 AFR1953)

- ***Wolk = teenwoordigheid van God***

En as die wolk van die tabernakel af optrek, het die kinders van Israel elke keer weggetrek op al hulle togte; maar as die wolk nie optrek nie, dan trek hulle nie weg nie, totdat dit weer optrek. Want die wolk van die Here was bedags op die tabernakel, en vuur was snags daarin, voor die oë van die hele huis van Israel, op al hulle togte. (Eksodus 40:36-38 AFR1953)

- ***Wolk = Jesus Christus***

. . . en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, (1 Korintiërs 10:2 AFR1953)

4. Wolk = al die mense wat reeds in die hemel is

Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, (Hebreërs 12:1 AFR1953)

Openbaring 1:7 sluit waarskynlik aan by 'n openbaring wat die Here Jesus reeds vroeër gegee het oor hoe Hy sal kom met die wederkoms:

En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. (Lukas 21:27 AFR1953)

Kom met die wolke beteken dus waarskynlik twee dinge:

- Dat, soos wat die Here Jesus deur 'n wolk bedek is toe Hy weggegaan het tydens sy hemelvaart – **En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.** (Handelinge 1:9 AFR1953) – Hy presies op die teenoorgestelde manier sal verskyn met sy wederkoms – die Here Jesus sal werklik uit 'n wolk uitbreek in die tyd en in ons wêreld in wanneer Hy weer kom – **En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.** (Lukas 21:27 AFR1953).
- Maar die Here Jesus se verskyning sal waarskynlik ook gepaard gaan met die verskyning van 'n wolk van mense en engele saam met Hom – soos die wolk van getuies in Hebreërs 21:27.

Die verdere bedoeling van Openbaring 1:7 is dat ons die koms van die Here Jesus ook reeds in die gang van die huidige geskiedenis moet kan sien – want alles wat gebeur is voorbereidend tot die koms van die Here Jesus!

Natuurlik kom hierdie openbaring ook reeds van die Ou Testament af aan – en word die vervulling daarvan ook in die boek Openbaring gegee:

Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. (Daniël 7:13 AFR1953)

En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.

(Markus 14:62 AFR1953)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. (Openbaring 14:14 AFR1953)

NB:

- Openbaring 1:4 openbaar dat dit God die Vader is wat kom (**Wat is en wat was en wat kom**).
- Openbaring 1:7 openbaar dat dit die Here Jesus is wat kom.
- Die Seun is dus die Vader en die Vader is dus ook die Seun!

Die Here Jesus gaan verskyn met goddelike heerlikheid.

- En dan sal elke oog Hom sien.
- Letterlik alle skepsele wat lewe en wat gelewe het, sal die Here Jesus sien wanneer Hy verskyn.
 - Die wat Hom gaan sien, gaan armes, rykes, gelowiges, ongelowiges, Jode, Christene en Mohammedane en wie en wat nog alles wees.

Dink aan die ewige skok wat diegene wat Hom doodgemaak het (Jode en soldate), gaan deurmaak as die Here Jesus nie net lewendig nie maar as die hoogste God verskyn.

Ondersoek die volgende Bybelgedeeltes wat almal oor hierdie oomblik van die Here Jesus se wederkomsverskyning handel:

Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.

(Matteus 16:27 AFR1953)

Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom. (Johannes 19:34 AFR1953)

Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. (Johannes 20:25 AFR1953)

Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. (Johannes 20:27 AFR1953)

Selfs met die smarte van diegene wat veroordeel word, sluit die Here by die profesieë van die Ou Testament aan

. . . en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Vergelyk dit met die profesie wat in Sagaria 12 geskryf staan:

Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurbaar het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. In dié dag sal die rouklag groot wees in Jerusalem, soos die rouklag van Hadad-Rimmon in die laagte van Megiddo. En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; (Sagaria 12:10-12 AFR1953)

Die Here Jesus self sluit hierby aan:

En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. (Matteus 24:30 AFR1953)

Die **amen** is die bevestiging wat God die Heilige Gees gee dat al hierdie dinge rondom die wederkomsverskyning van die Here Jesus waar is.

Maar dit is terselfdertyd die gelowige betuiging van sy vaste vertrouwe op die Here se genade en van sy vurige verlange dat die Here moet kom tot sy verlossing.

Die Here God se Selfbenoeming

Vers 8

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. (Openbaring 1:8 AFR1953)

In vers 7 het Johannes die Here sien (aan)kom.

In vers 8 het die Here klaar gekom.

- Johannes hoor die Here praat!
- Die Here openbaar Hom as God self wat verskyn.

Baie sterk staan daar in die Griekse teks: EK IS (*egoo eimi*). Dit sluit weer aan by die HERE se verskyning aan Moses: EK IS het jou gestuur.

En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. (Eksodus 3:14 AFR1953)

Vergelyk ook nog hierby:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (Johannes 1:1 AFR1953)

En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!
(Johannes 20:28 AFR1953)

Daarna sê die Here dat Hy **die Alfa en die Omega** is.

- Dit is die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet.
- Dit beteken dat Hy die oorsprong van alle dinge is – maar dat Hy ook die einde (die doel) van alle dinge is.
- Hy is dus die Allesomvattende of Allesinsluitende.
- Hy is ook die Allesbepalende (Beskikker en Draer)

Hierdie *allesinsluitende* beteken dat dit alles wat stoflik en geestelik is, insluit. Daar is niks iewers in die hemel of op die aarde wat nie onder EK IS se beheer en bestuur is nie – en ook niks wat nie deur Hom bestaan nie.

Verskillende lesings het hier ook nog die woorde **die begin en die einde** by.

- In die beste handskrifte kom die woorde nie voor nie, maar die Here sê dit wel op twee ander plekke in die Boek Openbaring.
- Dit is dus nie verkeerd dat dit bygevoeg kon word nie.

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.
(Openbaring 21:6 AFR1953)

Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. (Openbaring 22:13 AFR1953)

Die betekenis daarvan is presies dieselfde as die van *Ek is die Alfa en die Omega*.

In die volgende uitsprake in die boek Openbaring sê die Here dit.

En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. (Openbaring 21:5-6 AFR1953)

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. (Openbaring 22:12-13 AFR1953)

Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

(Johannes 5:22-23 AFR1953)

Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. (Johannes 5:26 AFR1953)

Na die bekendstelling tot op hierdie punt, staan daar: **sê die Here.**

- Letterlik staan daar in die Griekse teks: . . . **sê Kurios dié God**
- Kurios is God die oorwinnaar. Dit is 'n militêre term wat die terugkerende aanvoerder van die leër beskryf.
- Hier is dit die Here Jesus wat verskyn – Hy verskyn as die Oorwinnaar oor al die magte van die hel.

Dan word daar bygevoeg met sterk klem: **dié God (Theos).**

- Dis die Skeppergod wat terselfdertyd alle dinge van ewigheid tot ewigheid bestier.

Die selfbekendstelling van die Here gaan dan terug na die begin van die bekendstelling toe: **wat is en wat was en wat kom,**

- Dit is dieselfde as **EK IS** – maar dit is ook 'n verdere openbaring van die inhoud daarvan.

Die laaste twee woorde van die Here se selfbekendstelling is: **dié Almagtige.**

- Almagtige in Grieks beteken letterlik: **wat oor alles mag uitoefen.**

Die inhoud van hierdie gedeelte van die bekendstelling is die volgende:

- Die Here heers en regeer met onbetwisbare mag oor alles.
- Niks kan Hom teëhou of teen Hom weerstand bied nie.
- Hy verbreek alle weerstand en verslaan en vernietig alles wat hulle teen Hom verset.
- Hy beheer en beheers alles.

Vergelyk hierby die volgende Skrifuitsprake:

(12:6) En HERE God van die leërskaar, HERE is sy gedenknaam.

(Hosea 12:5 AFR1953)

En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! (Openbaring 4:8 AFR1953)

Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. (Openbaring 11:17 AFR1953)

Vir sommige mense is dit belangrik om te weet hoe Johannes die Here gehoor het. Die waarheid is dat ons nie weet nie.

- In vers 10 sê hy dat hy *in die gees* was.

- Was hy dit in vers 8 ook? Ons weet nie.
- Johannes hoef nie *in die gees* te gewees het om die Here te kon hoor nie, want daar is voorbeelde van ander mense wat die Here gehoor het sonder dat hulle *in die gees* was.

Vergelyk hiervoor:

- Moses
Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.
(Eksodus 3:4 AFR1953)
- Die hele Israel
Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: (Eksodus 20:1 AFR1953)
- Samuel
... het die HERE na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek.
(1 Samuel 3:4 AFR1953)
- Die Here Jesus
Vader, verheerlik u Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik. (Johannes 12:28 AFR1953)
- Saulus
... en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?
(Handelinge 9:4 AFR1953)

Die verskyning van die Here aan Johannes en die uitwerking daarvan Vers 9-20

Hierdie gedeelte is 'n selfstandige perikoop.

Vers 9

Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.
(Openbaring 1:9 AFR1953)

In hierdie vers stel die skrywer homself aan die lesers van sy brief (briewe) bekend. Vir ons is dit vreemd dat die skrywer homself aan die begin van sy brief bekendstel, maar dit is tipies volgens die briëfskryfgewoontes in die tyd toe Johannes gelewe het.

Hy skryf die volgende: wie hy is:

- Hy is Johannes
 - Hy staan in as die skrywer van die boek. Hierdie boek word nie anoniem geskryf nie.
 - Dit het die betekenis dat hy persoonlik die verantwoordelikheid aanvaar vir die inhoud van die boek.
 - Daarmee bevestig hy ook die historiese werklikheid dat hy hierdie openbaring ontvang het.
- Hy is hulle broeder in die geloof
 - Die feit dat Johannes so 'n groot voorreg te beurt geval het om hierdie openbaring te ontvang, het hom nie belangriker gemaak as die lesers nie – hy vereenselwig hom met hulle: hy is hulle broeder.
 - Hy is baie naby verwant aan hulle deur hierdie evangelie van die Here Jesus Christus.

Hy skryf wat sy omstandighede is:

- Hy word saam met hulle verdruk.
 - Johannes word niks anders behandel deur die wêreld as wat die res van die Christendom behandel word nie – hy word saam met hulle verdruk.
En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openbaring 7:14 AFR1953)
Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Johannes 16:33 AFR1953)
- Maar hy deel ook saam met die lesers die koninkryk van God.
 - Hier stel hy die positiewe van die geloof (en die verdrukking wat daarmee saamgaan): hy deel ook die koninkryk van God saam met hulle.
 - Hy verwag ook soos hulle die wederkoms van die Here Jesus in.
 - Anders gestel: Hy deel hulle hoop op verlossing deur die Here Jesus.
- Hy deel ook in die lyding wat oor die Here Jesus Christus gekom het. Dink hierby aan twee ander uitsprake in die Bybel:
. . . maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydschap kan jubel. (1 Petrus 4:13 AFR1953)
En ons hoop vir julle is vas, omdat ons weet dat net soos julle deelgenote is aan die lyding, so ook aan die troos. (2 Korintiërs 1:7 AFR1953)
- Hy is op Patmos (daarheen verban!)
 - Terwyl hy die boek Openbaring geskryf het, was hy nog steeds daar as 'n banneling.
 - Hy is daar ter wille van:
 - die Woord van God
 - en om getuienis te kan lewer vir Jesus Christus.
 - Dis juis omdat hy vreesloos en suiwer vir die Here Jesus bly getuig het, dat hy verban is.
 - Die verbanning is dus in homself 'n getuienis vir die Naam van die Here Jesus.

Oor Patmos die volgende:

- *Dit was 'n klein eilandjie wat destyds veertien uur se seevaart van Efese af was. Dit was destyds gebruik as 'n plek om mense heen te verban.*
- *In die moderne tyd is die naam van die eilandjie Patino.*

Vers 10

Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê: (Openbaring 1:10 AFR1953)

. . . in die Gees . . .

Johannes kon deur God se stem in die Gees geraak het – vers 8. Die engel wat hom beveel het om alles op te skryf kon hom in die Gees laat raak het.

Hoe is iemand in die Gees?

Die eerste antwoord is: Ons is nie seker nie. Om in die Gees te wees, beteken waarskynlik die volgende:

- Om met die (Heilige) Gees vervul te word

- Om deur die Gees in hierdie openbaring begelei te word
- Om self nie fisies nie maar in die gees in die openbaring teenwoordig te wees

Die toestand om in die gees te wees, word op die volgende plekke beskryf:

- Handeling 10:10 – *verrukking van sinne*:
en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom:
(Handeling 10:10 AFR1953)
- Handeling 11:15 – *Gees val op mense*:
En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.
(Handeling 11:15 AFR1953)

Meer volledig:

En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word. As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk. Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenicië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.” (Handeling 11:15-19 AFR1953)

Eenvoudig gestel:

- Die gewone werking van die betrokke mens se sintuie en sy siel/gees word verbreek.
- Meteens kan so 'n persoon direk dinge waarneem wat in die geesteswêreld aan die gang is.

In Abraham se geval noem ons dieselfde gebeurtenis *'n gesig*:

En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. (Genesis 12:1 AFR1953)

Dit is nie dieselfde as wanneer die Here iets deur 'n droom aan iemand openbaar nie:

Maar God het in die nag by Abiméleg gekom in 'n droom en vir hom gesê: Kyk, jy sal sterwe ter wille van die vrou wat jy laat haal het, want sy is 'n getroude vrou. (Genesis 20:3 AFR1953)

Daarop antwoord God hom in die droom: Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou hart gedoen het, en Ek self het jou daarvan teruggehou om nie teen My te sondig nie. Daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.
(Genesis 20:6 AFR1953)

Eenkeer, in die tyd toe die kleinvee verhit was, het ek my oë opgeslaan en in 'n droom gesien dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was. (Genesis 31:10 AFR1953)

Ons lees op ander plekke in die Bybel ook van hierdie soort van sien en hoor – 'n soort sien en hoor wat losgemaak is van ons gewone sintuie (ore en oë):

In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. (Jesaja 6:1 AFR1953)

Toe het ek gekyk—en daar het ’n stormwind uit die noorde gekom, ’n groot wolk met onophoudelike vuur; en ’n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter. (Esegiël 1:4 AFR1953)

Ek het naamlik in die gesig gesien—terwyl ek kyk, was ek in die vesting Susan wat in die provinsie Elam lê; en ek het in die gesig gesien dat ek my aan die Ulairivier bevind het. (Daniël 8:2 AFR1953)

Die apostel was dus bewus daarvan dat hy nie in ’n *trance* (geesverrukking) of iets soortgelyks was nie.

- Hy het ook nie geslaap of gedroom nie.
- Hy was werklik daar en het “lewend en bewustelik” waargeneem.

Hy is dus oortuig van al die dinge waarvan hy skryf – hy het dit self gesien en beleef!

. . . op die dag van die Here . . .

Dis nie eenvoudig en maklik om te verklaar van watter *dag* Johannes hier praat nie!

- Sommige Skrifverklaarders dink aan die laaste weeksdag.
 1. Dit word afgewys omdat sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament die betrokke dag die Sabbat noem.
- Ander dink hier aan die dag van die Here Jesus se opstanding uit die dood.
 1. Johannes kry dus hier insig in die hele verloop van die wêreldgeskiedenis – veral dan in wat op daardie oomblik gebeur het.
- Van die latere skrywers (kerkvaders) gebruik ook die terminologie *dag van die Here* maar hulle verstaan daaronder die eerste dag van die week – Sondag (soos ons dit ken). Dis die opstandingsdag (aanbiddingsdag.)

Vergelyk hiervoor die volgende aantal tekste wat almal praat van *die eerste dag van die week*.

En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk. (Matteus 28:1 AFR1953)

En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf. (Markus 16:2 AFR1953)

En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. (Johannes 20:1 AFR1953)

En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. (Handelinge 20:7 AFR1953)

Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie. (1 Korintiërs 16:2 AFR1953)

Die afleiding wat deur die meeste Skrifverklaarders gemaak word, is:

Die Here het dus op die eerste dag van die week, met ander woorde op ’n Sondag aan Johannes verskyn.

Die Here het dan spesifiek die betrokke weeksdag uitgekies omdat dit weer die krag van sy opstanding onderstreep.

. . . en ek het agter my ’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin, . . .

Die stem wat met Johannes gepraat het, was agter hom.

Hy kon dus aanvanklik nie sien wie met hom gepraat het nie!

Die stem het om twee redes 'n geweldige indruk op Johannes gemaak:
Dit was 'n baie harde (groot) stem.
Die stem het soos 'n basuin geklink.

Die basuinklank het hom geweldig aangegryp. Die rede is voor die hand liggend:

- Al die mense van die Ou Testament het die basuin geken as 'n instrument wat jou opgeroep het tot diens!
- Bespreek die volgende aantal tekste:
 - En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het.** (Eksodus 19:16 AFR1953)
 - Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord.** (Eksodus 19:19 AFR1953)
 - Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaang; op die versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan.** (Levitikus 25:9 AFR1953)
 - Want veertig jaar lank het die kinders van Israel in die woestyn getrek, totdat die hele volk omgekom het, die krygsmanne wat uit Egipte weggetrek het, wat nie aan die stem van die HERE gehoorsaam was nie; vir wie die HERE gesweer het dat Hy hulle die land nie sou laat sien wat die HERE hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie—'n land wat oorloop van melk en heuning.** (Josua 5:6 AFR1953)
 - Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.** (Jesaja 58:1 AFR1953)
 - Ek het ook wagte oor julle gestel en gesê: Luister na die geluid van die basuin. Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie.** (Jeremia 6:17 AFR1953)
 - Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby—** (Joël 2:1 AFR1953)
 - En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.** (Openbaring 8:7 AFR1953)

Dit is duidelik dat Johannes opgeroep word om te kyk en deeglik waar te neem!

Vers 11

Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa. (Openbaring 1:11 AFR1953)

Johannes kry die opdrag om alles wat hy gaan sien, op te skryf in 'n boek ('n baie dik brief!) en om die boek uit te stuur aan die sewe gemeentes wat in Klein Asië is.

Die sewe gemeentes verteenwoordig die kerk van die Here in sy volheid!

Destyds het die sewe gemeentes byna in 'n kring gelê.

- Efese word eerste genoem, omdat mens van Patmos af eerste by Efese uitgekom het.
- Daarvandaan het die pad in 'n noordelike rigting geloop tot by Smirna.
- Nog verder noord was Pergamus.
- Daarna het die pad suidoos geswaai na Tiatire.

- Nog verder oos was Sardis.
- Byna in dieselfde rigting het mens later by Filadelfia uitgekom.
- Daarvandaan het die pad na Laodisea gegaan en dan moes die boodskapper wes draai om weer in Efese uit te kom.

Vers 12

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, (Openbaring 1:12 AFR1953)

Daar is baie simboliek in die boek Openbaring.

Die dinge wat Johannes sien, is alles simbole van die werklikheid – geestelike en fisiese werklikhede.

In die vorige verse het Johannes die klem gelê op die inhoud van die woorde wat vir hom gesê was. In hierdie gedeelte lê die klem op Wie gepraat het!

Johannes draai hom om omdat die besondere stem agter hom gepraat het.

- Die woorde **om te sien watter stem..** is maar bloot 'n idiomatiese manier van praat.
- Johannes wou nie na die stem kyk nie - hy wou sien Wie met daardie stem gepraat het.

Johannes skryf eers die dinge wat hy eerste gesien het neer.

- Eers die omgewing van die Here
- Dan die Here self – in die algemeen
- dan alles in die besonder
 1. hy begin met die klere
 2. daarna beskryf hy die Here se gesig

Nadat Johannes omgedraai het, sien hy eers sewe goue kandelaars.

Die kandelare simboliseer die sewe gemeentes - dus: die heilige algemene Christelike kerk.

...die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. (Openbaring 1:20 AFR1953)

As ons terugkyk in die openbaring van die Here, word dit duidelik dat die goue kandelaar met sy lampe, wat in die tabernakel gestaan het, al die simbool van die kerk was.

En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. (Sagaria 4:2-3 AFR1953)

Die kandelare wat Johannes sien, lyk anders:

- Dis sewe selfstandige kandelare – met ander woorde dit is sewe afsonderlike kandelare.
- Die middelpunt/saambinding van hierdie kandelare, is die Here Jesus.
 1. **Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: (Openbaring 2:1 AFR1953)**
- Die Here beweeg (is, wandel, loop, bestaan) tussen die sewe kandelare - Die Here leef en werk en is tussen (= in!) sy kandelare (= kerk).

Die simboliek is dus só:

- In die Ou Testament was die sewe kandelare almal aan een stam/steel verbind.

- Dit het die nasionale eenheid van die kerk uitgebeeld - want toe het die kerk fisies en sigbaar uit een volk bestaan.
- Dit was die uitverkore Jodedom.
- In die Nuwe Testament (Openbaring) verander die beeld.
 - Die kandelare staan los van mekaar - elke kerk is selfstandig kerk.
 - Die kerke staan dus gelyklik langs mekaar.
 - Dit beteken nie dat hulle nie meer 'n gemeenskaplike stam het nie! Dit wat hulle nou saambind, is die Here Jesus Christus!
 - Die heilige algemene Christelike kerk het dus die verlossing en die koningskap en leiding van die Here Jesus Christus as die Een faktor wat hulle almal saambind.
 - Ons kan dit nie fisies sien nie, maar juis daarom openbaar die Here Jesus self dit aan Johannes.
 - Die Kerke word deur God die Heilige Gees gelei en saamgebind. Daarom word in vers 4 en 5 die verband tussen die Here en die Heilige Gees voorgestel: **Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed** (Openbaring 1:4-5 AFR1953)

Die kandelaar is ook simbool van die roeping van die kerk van die Here!

- Die kerk moet sy roeping uitstraal soos 'n lig wat skyn!
- Die kerk moet God se deugde verkondig.

Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:14-16 AFR1953)

Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig. (Jesaja 43:21 AFR1953)

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, (1 Petrus 2:9 AFR1953)

Vergelyk hiervoor die volgende:

- Johannes 16:13-15
Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. (Johannes 16:13-15 AFR1953)
- Die Heidelbergse Kategismus
*Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?
 Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).
 (a)Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.*

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42; Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

- Die Nederlandse Geofsbelydenis artikel 27

Die algemene Christelike kerk

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk as of dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

Vers 13

. . . en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

(Openbaring 1:13 AFR1953)

Die sewe gemeentes (kandelaars) lê soos 'n kring rondom die Here Jesus. Die Here Jesus beweeg tussen die kerk (in sy volheid) rond.

Die woord **tussen** beskryf die band tussen die Here en die sewe gemeentes.

Een soos die Seun van die mens

Daarmee verwys Johannes terug na die tyd toe die Here Jesus op die aarde was – toe het die Here Jesus Homself so genoem!

Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe — toe sê Hy vir die verlamde man: Staand op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

(Matteus 9:6 AFR1953)

Wat beteken hierdie beskrywing nie?

- Dit beteken nie dat Johannes 'n Wese gesien het wat soos 'n mens lyk nie.
- Hy bedoel nie 'n mensgedaante nie.
- As dit was wat Johannes bedoel het, sou hy iets geskryf het soos wat in Openbaring 4:7 staan:

En die eerste lewende wese was soos 'n leeu, en die tweede lewende wese was soos 'n kalf, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg. (Openbaring 4:7 AFR1953)

Wat beteken die beskrywing wel?

Johannes gebruik ook nie 'n lidwoord nie, byvoorbeeld:

- Seun van DIE mens nie.
- Ook nie DIE Seun van 'n mens nie

Hy gebruik die woorde as 'n eienaam.

- Ons sou dit kon vertaal: *Menseseeun*.
- Die soos is om daarmee duidelik te maak dat daar tog ooreenkoms(te) is met soos wat hy Hom vroeër, toe Hy op die aarde was, geken het.

MAAR daar is ook groot verskill!

- Destyds het die Here Jesus nie elke oomblik in sy Goddelike majesteit geskitter nie – Hy was mens.
- Nou is Hy totaal in sy Goddelike majesteit.

Die Here Jesus het 'n kleed aan wat tot op sy voete hang.

- Dit beteken dit is 'n koningsmantel.
 1. Gewone mense se klere sou hulle pla as hulle werk en beweeg as hulle so 'n lang kleed gedra het.

Vergelyk die volgende tekste wat 'n koning se kleredrag beskryf:

Dan sal al die vorste van die see van hulle trone afklim en hulle mantels afhaal en hulle veelkleurige klere uittrek; met siddering sal hulle bekleed word, op die grond sal hulle sit en elke oomblik sidder en oor jou verbaas wees.

(Esegiël 26:16 AFR1953)

Daarby trek Jónatan sy mantel uit wat hy aangehad het, en gee dit aan Dawid; ook sy klere, ja, selfs sy swaard en sy boog en sy gordel.

(1 Samuel 18:4 AFR1953)

(24:6) Maar daarna het Dawid se gewete hom gepla, omdat hy die slip van Saul afgesny het,

(1 Samuel 24:5 AFR1953)

Maar is die Here Jesus nie ook ons Hoogste en Ewige Hoëpriester nie. Die hoëpriester het ook sulke klere gedra:

(24:13) Die HERE sal oordeel tussen my en u, en die HERE sal my aan u wreek; maar my hand sal teen u nie wees nie. (1 Samuel 24:12 AFR1953)

En dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borstas en 'n skouerkleed en 'n mantel en 'n kunstig bewerkte rok, 'n tulband en 'n gordel; so moet hulle dan vir Aäron, jou broer, heilige klere maak, en vir sy seuns, dat hy vir My die priesteramp kan bedien. (Eksodus 28:4 AFR1953)

En neem die klere en bekleed Aäron met die rok en die mantel van die skouerkleed en die skouerkleed self en die borstas, en bind hom die band van die skouerkleed om. (Eksodus 29:5 AFR1953)

Johannes se beskrywing gaan verder: **en gegord om die bors met 'n goue gordel**

Hoog, om die bors, is daar 'n goue gordel.

- Dit simboliseer waardigheid en rustigheid.
- Dit is ook 'n teken van majesteit.

Gewone mense het ook 'n gordel gedra.

- Maar hulle het dit om hulle heupe gedra.
 - Hulle het baie keer die gordel gebruik om hulle klere om hulle middellyf vas te maak as hulle moes hardloop of veg.
- . . . maar die hand van die Here was oor Elía, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uit geloop het in die rigting na Jísreël. (1 Konings 18:46 AFR1953)**
- Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand.**
(Lukas 12:35 AFR1953)

Gordel as simbool:

- 'n Gordel om die heupe simboliseer diensbaarheid. So iemand is gereed om te werk.
- Wanneer iemand 'n goue gordel dra, is dit 'n teken van koninklikheid, van hoogheid of van priesterlikheid.
- 'n Goue gordel om die bors is dus 'n teken van koninklike heerskappy.
- Dit simboliseer regering deur 'n baie hoë persoon – in hierdie geval die Here Jesus Christus.

Vers 14

Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, (Openbaring 1:14 AFR1953)

Die gesig van die Here Jesus . . .

Nou eers sien Johannes die gesig van die Een wat met hom gepraat het. Die persoon se hare op sy kop **was wit soos wit wol, soos sneeu, . . .** (Openbaring 1:14 AFR83)

Vraag:

Moet ons hier ook dink aan die Here se baard? Die Here het op die aarde 'n manlike liggaam aangeneem. Hoe sou Hy wees in hierdie openbaring?

soos wit wol – Hierdie woorde beskryf die weligheid/digtheid van die hare.

- Dit beskryf die Here in sy volmaaktheid van die liggaam waarmee Hy verskyn.

soos sneeu – Dit beskryf weer eens die majesteit waarmee die Here verskyn!

Ook hierdie openbaring het 'n voorloper in die Ou Testament.

Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. (Daniël 7:9-10 AFR1953)

In hierdie openbaring verskyn die Here Jesus as die Oue van dae. Wat hierdie openbaring in die Ou Testament belangrik maak, is omdat dit die Here Jesus as die almagtige God openbaar.

Ook hier word die hemelse heiligheid van die Here geopenbaar.

NB: In die woorde **Oue van dae** en in die **wit hare** word ook die ewigheid van God se bestaan uitgebeeld.

- *Wit is die kleur van die hemel.*

En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk. En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit. En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.

(Matteus 28:1-3 AFR1953)

Vergelyk ook al die volgende tekste:

Johannes 20:12: **en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het.**

Handelinge 1:10: **En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,**

Openbaring 3:4: **Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.**

Openbaring 3:5: **Wie oorwin, sal bekleed word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.**

Openbaring 3:18: **Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien.**

Openbaring 4:4: **En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.**

Openbaring 6:11: **En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.**

Openbaring 7:9: **Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**

Openbaring 7:13: **Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?**

- *Maar wit is ook die kleur van oorwinning!*

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

(Openbaring 19:11 AFR1953)

en sy oë het soos vuur gevlam. (Openbaring 1:14 AFR83)

Die Here se oë kyk deur alles.

- Daar is niks wat vir God weggesteek kan word nie.
- Selfs die donkerste en diepste dinge wat ons in ons hart bêre, word deur die Here raakgesien asof hy daarop lig.
- Die alsiendheid van die Here, is ook die alsiendheid van die Here.

Vergelyk die volgende tekste wat dieselfde dinge openbaar:

En sy liggaam was soos chisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van 'n menigte. (Daniël 10:6 AFR1953)

. . . want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeel op Hom gerig is; hierin het u dwaas gehandel, want van nou af sal daar oorloë teen u wees. (2 Kronieke 16:9 AFR1953)

Vers 15

en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. (Openbaring 1:15 AFR1953)

Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa. (Openbaring 1:15 AFR83)

Volgens sekere Skrifverklaarders is dit nie seker van watter soort metaal hier sprake is nie. Dit kan koper of 'n allooï van koper en 'n ander metaal wees (bv. brons). Wat wel duidelik is, is dat die metaal in 'n vuurgloed/vuuroond is waarin dit tot op die maksimum toe verhit is.

Die vuurgloed en die metaal wat tot op die hoogste temperatuur verhit is, simboliseer die oordeel van die Here wat alle vorme van onheiligheid en onreinheid verteer. Dit sluit ook in dat die Here alles vernietig wat Hom teëstaan.

Hierdie beeld dat die Here 'n verterende vuur is, kom in die Ou Testament al voor:

Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.

(Deuteronomium 4:24 AFR1953)

en ook in die Nuwe Testament:

Want onse God is 'n verterende vuur. (Hebreërs 12:29 AFR1953)

Vergelyk vir selfstudie ook die volgende gedeeltes in die Bybel:

Eksodus 24:17	En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n <u>verterende vuur</u> op die top van die berg.
Deuteronomium 9:3	Weet dan vandag dat die HERE jou God die Een is wat voor jou oortrek soos 'n <u>verterende vuur</u> . Hy sal hulle vernietig en hulle voor jou onderwerp, sodat jy hulle gou kan verdrywe en tot niet maak soos die HERE jou beloop het.
Jesaja 29:6	Vanweë die HERE van die leërske sal jy in genade besoek word, met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n <u>verterende vuur</u> .
Jesaja 30:27	Kyk, die Naam van die HERE kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n <u>verterende vuur</u> ,
Jesaja 30:30	En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n <u>verterende vuur</u> , storm en stortreën en haelkorrels.
Jesaja 33:14	Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n <u>verterende vuur</u> , wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?

Die heiligheid van die Here word dus as 'n brandende vuur uitgebeeld.

. . . sy stem soos die stem van baie waters . . .

Hierdie beeld dat die Here se stem klink soos die gedruis van 'n geweldige watermassa, druk die Here se mag en majesteit uit.

Vergelyk die volgende Bybelgedeeltes:

En as hulle gaan, het ek die geruis van hulle vlerke gehoor soos die geruis van baie waters, soos die stem van die Almagtige—'n gedruis soos die gedreun van 'n leër. As hulle staan, het hulle hul vlerke laat sak. (Esegiël 1:24 AFR1953)

En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom; en die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters, en die aarde het geglans van sy heerlikheid. (Esegiël 43:2 AFR1953)

Dit is ook so dat dieselfde beeld soms gebruik word om 'n negatiewe geraas ('n lawaai) uit te beeld:

Nasies maak gedruis soos die gedruis van baie waters; maar Hy dreig hulle, en hulle vlug ver weg en word gejaag soos kaf van die berge voor die wind en soos strooi voor die stormwind. (Jesaja 17:13 AFR1953)

En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gesprek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, (Openbaring 17:1 AFR1953)

Vers 16

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR1953)

Die regterhand is die hand van krag en eer.

- Die feit dat die Here sewe sterre in sy regterhand hou, beeld die Here uit in sy krag en in sy bestuur/beheer oor alles.
- Die feit dat die Here die sewe sterre juis in sy regterhand hou, beklemtoon dat die Here vir die sewe sterre eer en waardigheid gee.

Die beeld bedoel ook dat die Here openbaar dat ons wat in sy diens is, ons plek baie goed moet ken en verstaan.

- Hy is die Almagtige wat alles beheer/bestier.
- Hy hou diegene wat in sy diens is (die sewe sterre) in plek.
- Hulle is dus in hulle roeping en bestaan van Hom afhanklik.
- Hulle moet Hom (alleen!) dus ook gehoorsaam wees.

Die konsekwensies is baie ernstig:

As iemand wat in die Here se diens is, hom van die Here af losmaak, verval sy steunpunt/vastigheid/fondament, en dan gaan hy hom te pletter val.

Hierdie waarskuwing gaan direk aan die predikante van die gemeentes! In vers 20 verklaar die Here self wie die sewe sterre is wat Hy in sy hand vashou:

die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. (Openbaring 1:20 AFR1953)

Wat is belangrik in hierdie openbaring van die sewe sterre wat in die een hand van die Here is?

- Die predikante is in 'n verhouding van eenheid!
- Daar mag dus nie verdeeldheid wees nie! Hulle kry simbolies een opdrag by een God.

. . . 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan . . .

Die openbaring van die Here gaan by sy mond uit – dit is dus alles wat Hy sê.

Die skerp swaard met 'n lem wat weerskante geslyp is, is God se Woord.

Die Woord van die Here tref dus só of só – hierdie kant toe of daardie kant toe.

Natuurlik maak die Woord seer as jy verkeerd is –

'n swaard se lem sny en maak dood!

Maar dit maak net die vyande dood!

Die simboliek is duidelik: In hierdie geval is dit oordeel!

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

(Hebreërs 4:12 AFR1953)

Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake in die Bybel:

Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. (Openbaring 2:16 AFR1953)

En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard, in die skaduwee van sy hand het Hy My verberg; en Hy het My 'n skerp pyl gemaak, in sy pylkoker My weggesteek; (Jesaja 49:2 AFR1953)

..maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.

(Jesaja 11:4 AFR1953)

. . . sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag . . .

Hierdie gedeelte is 'n verdere uitbouing van hoe Johannes die Here se kop gesien het –

- Sy hare wat wit soos wol is en wit soos sneeu.
- Sy oë soos 'n vuurvlam.

Nou beskryf Johannes die Here se gesig:

Die Here se gesig is soos die son wat skyn in sy krag.

Die beeld openbaar die volle heerlijkheid van die Here.

Ons bely die Here Jesus as Lig uit Lig, as

een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:

Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.

Die Here se gesig is die beeld van Wie en hoe God Drie-Enig self is.

In 1 Johannes 1:6 word geïmpliseer dat God lig is:

As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. (1 Johannes 1:6 AFR1953)

Die Woord van die Here noem God die son:

(84:12) **Want die HERE God is 'n son en skild; die HERE sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.**

(Psalm 84:11 AFR1953)

Die Verlosser word voorspel as son van geregtigheid:

Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

(Maleagi 4:2 AFR1953)

By die Here is daar geen donkerte nie! Hy is Lig en Waarheid!

Daar is meer voorbeelde in die Bybel waar 'n blink gesig heerlijkheid/majesteit/geluk uitbeeld.

En toe Moses van die berg Sinai afdal – die twee tafels van die Getuïenis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdal het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie. (Eksodus 34:29 AFR1953)

. . . sien die kinders van Israel die gesig van Moses, dat die vel van Moses se gesig blink; daarop trek Moses dan weer die sluier oor sy gesig, totdat hy ingaan om met Hom te spreek. (Eksodus 34:35 AFR1953)

. . . en dat wyn die mens se hart kan bly maak; om die aangesig te laat blink van olie, en dat brood die mens se hart kan versterk. (Psalm 104:15 AFR1953)

In die volgende verse verhaal Johannes wat met hom gebeur het toe hy die Here gesien het in hierdie openbaring.

Hy vertel ook wat die Here verder aan hom geopenbaar het.

Vers 17 en 18a

En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen
(Openbaring 1:17, 18a AFR1953)

En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete;

- Die verskyning van die Here was so geweldig dat Johannes dit nie kon hanteer nie!
- Hy het dit beleef dat alle lewe hom verlaat het – hy het soos 'n dooie geword.

(Mens kan nie sê dat hy leweloos was nie, want dan kon hy nie die openbaring oodra nie!)

Natuurlik is hierdie toestand veroorsaak deur die Here se heiligheid.

- Die Here se heiligheid is vir 'n skepsel geweldig en vernietigend!
- Vergelyk die volgende gedeelte waar die Here openbaar dat sy heiligheid tot vir die engele wat in die hemel is (werk?) te veel is om dit te sien sonder om te sterf:

Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. (Jesaja 6:2 AFR1953)

Of die uitspraak van die Here teenoor Moses:

Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. (Eksodus 33:20 AFR1953)

Of Jesaja se vrees!

Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien! (Jesaja 6:5 AFR1953)

'n Engel het eenkeer aan Daniël verskyn. Hy het dit as oorweldigend en byna vernietigend ervaar.

Toe het ék alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie. (Daniël 10:8 AFR1953)

Die feit is dat die Here openbaar dat die doel van sy verskyning nie was om Daniël te vernietig nie.

Hy wou iets aan Johannes openbaar – dinge wat hy moes sien. Daarna moes Johannes steeds lewe om hierdie openbaring neer te skryf as 'n boodskap (brief!) aan die kerk van die Here deur die eeue.

Waar pas Rigters 13 in?

Maar sy vrou sê vir hom: As die HERE ons wou laat sterwe, sou Hy nie uit ons hand 'n brandoffer en 'n spysoffer aangeneem en ons al hierdie dinge laat sien en ons nou sulke dinge laat hoor het nie. (Rigters 13:23 AFR1953)

en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie;

Die Here sit sy regterhand op Johannes neer. Dis 'n teken van

- bemoediging;
- van guns; en
- van omgang/toegeneëtheid (Nederlands: *van gemeenschap*).

Deur die hand wat Hy op Johannes lê, laat die Here weer krag (lewe?) in Johannes instroom.

Terwyl die Here dit doen, verklaar Hy Wie Hy is en wat alles met Hom gebeur het:

Ek is die eerste en die laaste en die lewende;

- Hy is God self.
 - Daarom is Hy die Eerste.
 - Hy was daar voor enige iets daar was – want Hy is van ewigheid af.
 - Daar was niks voor Hom nie.
- Hy is onverganklik God.
 - Daarom is Hy die laaste ook – Hy bestaan tot in alle ewigheid!
 - Daar sal na Hom ook niemand wees nie.

Die Here Jesus besit alle mag in die hemel en op die aarde.

Daarom verklaar Hy dat Hy oor die dood ook heers –

en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid.

Hy het nou alle mag ook oor die doderyk, want Hy was dood – maar Hy het met eie kragte uit die dood opgestaan.

Kyk! = LET OP! Dus: wat is die gevolge daarvan?

Hy lewe tot in alle ewigheid.

Letterlik staan daar: Ek het dood geword – met ander woorde: ek het uit eie mag dood geraak.

Ons sou die gevoelsinhoud van hierdie woorde soos volg kon stel: Ek het die dood so beheers dat ek gesterf het – en terwyl ek dood was, het Ek die dood steeds beheers! Daarom het Ek weer uit die dood opgestaan toe ek wou!

As Johannes enige twyfel sou hê oor Wie dit is na Wie hy kyk, was dit nou uit die weg geruim.

Met hierdie woorde het die Here hom in die gees teruggeneem na die kruisiging toe.

Hy het Johannes ook teruggeneem na al sy preke (leringe) toe waar Hy aangekondig het dat Hy God is! (Hy en die Vader is een).

Johannes kyk inderwaarheid na sy Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus.

Daarom hoef Johannes (Hom) nie te vrees nie.

Vraag: Is lyding *verniet*?

- Dink daaraan hoeveel spanning – en waarskynlik marteling – Johannes moes deurmaak toe hy Patmos toe verban is.

- Dink aan die verbystering wat deur sy gedagtes moes gaan – hy glo in die Verlosser Jesus Christus, maar hyself is nie eers naby 'n kerk waar hy dit kan/mag preek nie.
- Nou gebruik die Here Jesus hom om die volle openbaring vir al die kerke deur die eeue op skrif te stel.
- Meer nog: Die Here self verskyn in hierdie lewe en in hierdie fisiese wêreld aan hom.

Die verbanning was dus nie nutteloos nie! Ook dit het onder die Here Jesus se beskikking gebeur! Hy is die Eerste en die Laaste – Hy is allesomvattend en alles insluitend – ook vir Johannes die banneling.

Johannes sien die Here Jesus Christus in sy volle heerskappy. Johannes hoef vir niks te vrees nie, want die Here Jesus kan hom daarteen beskerm.

Ek is die eerste en die laaste druk wesenlik dieselfde gedagte uit as **Ek is die alfa en die omega**.

Hy is **die Lewende**.

Die Here Jesus is die lewe self – al het Hy Hom in sy mensheid aan die dood oorgegee! Na sy Godheid het Hy nooit gesterf nie. Nou openbaar Hy Hom as die lewende Heerser oor die dood:

Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. (Johannes 5:26 AFR1953)

en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is –

(1 Johannes 1:2 AFR1953)

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR1953)

In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. (Johannes 1:4 AFR1953)

Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?

(Johannes 11:25-26 AFR1953)

Die aand van die kruisiging het Johannes-hulle die Here in Josef se nuwe familiegraf gaan neerlê. Hulle was getuies van sy dood – hulle het dit fisies meegemaak.

Daarna het Johannes saam met die ander dissipels die opstanding en die hemelvaart meegemaak.

Daarna die stilte! Niemand het die Here Jesus weer gesien nie.

Meteens – op Patmos – staan Hy voor Johannes.

Hy verklaar: Ek lewe.

Die vorm van die Griekse werkwoord sê dat die Here Jesus lewe en lewe en aanhou lewe – en nooit sal ophou om te lewe nie!

Tog lê die oordeel swaar in hierdie wonderlike en troosvolle aankondiging.

- Die Here is lewend vir die wat aan Hom behoort.
- Dit is die wat Hom voluit en van harte aanbid.

Vers 18b

En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

(Openbaring 1:18 AFR1953)

Die Here Jesus is nie Verlosser van almal nie.

- Vir sy eiendom is Hy altyd lewend beskikbaar –
- maar vir die wat Hom nie aanbid nie, voorsien Hy 'n ander ewige woonplek.

- Daardie plek is die ewige doderyk!

Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood

Hierdie woorde beteken ten minste twee dinge:

- Die Here Jesus beskik nog steeds oor die bestaan van die mense wat al almal gesterf het (reeds dood is).
 - Selfs nadat ons op die aarde gesterf het, is ons onder die beheer van die Here Jesus.
- Die Here Jesus het volle mag en beheer oor die dood en die doderyk!
 - Ook oor die plek waar die satan en sy engele en hulle navolgers hulle tuiste vir ewig gaan vind!

Die Here maak dood en Hy maak lewend - die dinge is uitsluitlik onder sy beheer en wil.

Moderne mense aanvaar nie hierdie deel van God Drie-Enig se optrede nie. Maar die Here openbaar dit self!

Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.
(Deuteronomium 32:39 AFR1953)

Daardie woorde word in Openbaring 1:18 teruggeroep - maar dié keer in die vervulling daarvan.

Wanneer die Here die tyd op die aarde beëindig, laat Hy alle dooies opstaan.

- Sommiges om vir ewig by Hom te wees op die Nuwe Aarde.
- Ander om vir ewig in die hel (doderyk) te wees.

En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik. (Daniël 12:2 AFR1953)

Letterlik almal gaan met die wederkoms van die Here uit die dood opgewek word.

- Daar sal nie een enkele mens wees wat nie sy liggaam uit die aarde (of waar ookal) sal terugkry en dit weer met sy siel verenig kry nie.
- Almal gaan daardie oomblik meemaak.
- Almal gaan dit egter net nie ewe goed ervaar nie, want die mense se toekoms verskil van daardie oomblik af vir ewig.

Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.
(Johannes 5:28-29 AFR1953)

En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Openbaring 20:11-15 AFR1953)

Wat bely ons in ons belydenisskrifte hieroor?

Die Heidelbergse Kategismus bevat die volgende sake wat alles die Here se mag oor die dood en die lewe saamvat

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3:

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15:

Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

Die woord **sleutels** is simbolies bedoel.

Sleutels is die teken van beskikkingsreg en mag.

En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: (Openbaring 3:7 AFR1953)

Wanneer die Here die beginsel van kerklike tug gee en aan wie Hy dit gee, gebruik Hy ook die woord **sleutels**

En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. (Matteus 16:19 AFR1953)

Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.

Hierdie bevoegdheid om iemand in die lewe of in die ewige dood toe te sluit (sleutels) word slegs deur die Here Jesus Christus en deur Hom alleen hanteer. Hy alleen het by God die bevoegdheid ontvang om die dood en die graf tot niet te maak.

Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, (Johannes 5:22 AFR1953)

Die woord doderyk (Grieks: hades) word in die boek Openbaring op meer plekke gebruik.

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde. (Openbaring 6:8 AFR1953)

En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. (Openbaring 20:13-14 AFR1953)

Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig. Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe. Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit, het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gesprek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. (Handelinge 2:27-31 AFR1953)

- Dit beteken hier doodgewoon *om dood te wees*.
- Die hel word in die Boek Openbaring elke keer beskryf met *die poel van vuur*.

Voorbeelde van beskrywings van die hel in die boek Openbaring is:

En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:10 AFR1953)

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Openbaring 20:14-15 AFR1953)

Vers 19

Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur; (Openbaring 1:19 AFR1953)

Let op dat dit wat Johannes alles moet neerpen, in drie afdelings verdeel word:

- **wat jy gesien het,**
Dit is die verskyning van die Here aan Johannes (op die strand)
- **die wat is,**
 - Dit is die toestand van die sewe gemeentes - met ander woorde: Wat is die huidige toestand van die kerk hier op die aarde.
 - Dan natuurlik ook die briewe wat aan die sewe gemeentes geskryf moet word.
- **sowel as die wat gaan gebeur**
Dit is alles wat daarna gebeur het - met ander woorde, alles wat die Here aan Johannes geopenbaar het.

Vergelyk hiervoor Hoofstuk 4:1 - dit is al die dinge wat nie in die briewe aan die gemeentes neergeskryf is nie.

Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. (Openbaring 4:1 AFR1953)

Vers 20

...die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. (Openbaring 1:20 AFR1953)

Die feit dat die Here vir Johannes verduidelik wat die sewe sterre en die sewe kandelare beteken, dui daarop dat Johannes die dinge self nie verstaan het nie.

Dit was vir hom verborge.

lets wat verborge is, kan net deur Goddelike openbaring verstaan word.

Die sewe sterre...

Die Here openbaar aan Johannes dat die sewe sterre die sewe engele (boodskappers) is wat die kerk van die Here bedien. Johannes het dus ook nie geweet dat 'n ster die voorganger van die gemeente simboliseer nie.

Daar is nie in die Ou Testament enige openbaring dat 'n ster 'n Woordverkondiger simboliseer nie. Die naaste wat daar is, is 'n baie baie tersyde verwysing daarna in Daniël 12:3.

En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitpansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. (Daniël 12:3 AFR1953)

Die woord **engel** verwys nie na 'n geesteswese (of hemelse gees) wat geskape is om in die geesteswêreld diens te doen nie - dit wat ons as engele ken nie.

(Hoe sou Johannes in elk geval vir 'n gewone engel 'n brief kan skryf? Waarheen en hoe gaan hy dit pos?)

Die briewe word geskryf aan ampsdraers wat in so 'n posisie was dat hulle die volle verantwoordelikheid vir die toestand in die gemeente gedra het.

Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake in die Bybel:

Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. (Handelinge 20:28 AFR1953)

En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels - (1 Korintiërs 3:12 AFR1953)

Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. (Esegiël 3:17 AFR1953)

- Die woorde van die Here gaan nie oor die sewe manne wat op daardie stadium die Woordbedienaars (predikante) van die sewe kerke in Klein Asië was nie.
- Hulle is insluitend van alle voorgangers in die hele heilige algemene Christelike kerk van die Here.
- Die sewe sterre simboliseer dus almal wat deur die loop van die tyd die diens (amp!) van boodskapper (Woordverkondiger) beklee het.